basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 34 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

MPUMALANGA

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) | Kies EEN vraag uit 'n afdeling/ afdelings wat jy behandel het. |
| AFDELING B: Drama | (35) | |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) | |
| AFDELING D: Gedigte | (35) | Kies TWEE vrae indien jy hierdie afdeling behandel het. |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste **wat julle in die klas** behandel het.

5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle gedoen het en **kies die tipe vraag** wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/kontekstuele vraag.

6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle gedoen het. Kies EEN vraag uit AFDELING A of B of C indien jy daardie afdeling behandel het en indien jy AFDELING D behandel het, kies TWEE vrae uit daardie afdeling.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

11. Skryf netjies en leesbaar.


MPUMALANGA

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 2: *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 3: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 4: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 5: *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 6: *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 7: *Poppie – die drama* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 8: *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 9: *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 10: *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 11: *Baby* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 12: *Op soek na Kid Khumalo* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 13: Kontak | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 14: Woorde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 15: Kabouterliefde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 16: Stad in die mis | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

## AFDELING A: ROMAN

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee**

Die delwers het vir Saul die “difficult Dutchman” genoem. Sy eie mense het eenkeer gesê dat Saul in sy “beneuktyd” was en dat hy “anders” was.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel hoe Saul **anders** as sy eie mense oor die uitroei van die Bos en die Boslewe gedink het. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys in jou opstel na:

Saul se optrede:

- Toe hulle die kalander gekap het
- Teenoor die delwers
- Teenoor die houtkopers **[35]**

**OF**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> “Miskien verbeel ek my Maska, maar elke keer as dinge met my gebeur, is Oupoot iewers in my pad. Die eerste keer was toe Ma weg is. Tussenin elke keer as ek in die moeilikheid was. Vroeër vanaand het ek hom op pad Meulbos toe gekry. Die wind was teen my, hy het my gesien en net daar gestaan.”
>
> Maska het hom aangestaar asof dit die eerste keer is dat hy hom sien. “Dan is dit so,” het hy verslae gesê.
>
> “Wat?”
>
> “Lat hy jou dophou. Lat jy sy broer is. Lat jy die grootman van die Bos se broer is. Ek sal môre met Jozef praat omlat hulle jou so beoordeel omlat jy tussen vreemdes loop staan het en jou eie verraai het.”
>
> “Ek het niemand verraai nie, Maska!”
>
> “Oupoot sou nie ŉ verraaier vir sy mens-broer gevat het nie. Dan sou hy jou lankal getrap het, baas Saul.”

2.1 Wat wou Saul graag aan sy pa bewys het nadat hy die Bos as jong seun verlaat het? (1)

2.2 Wat beteken Saul se woorde “toe Ma weg is”? (Reël 2–3) (1)

2.3 Waarom het Saul die geweer by Maska gaan leen? (1)

2.4 Waarom het Oupoot nooit vir Saul getrap nie, al het hy 'n paar kanse gehad om dit te doen? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe die Bosmense gevang is omdat hulle olifanttande verkoop het, het hulle Saul 'n ... genoem.

A spioen
B oproerling
C opstandeling
D weggejaagde (1)

2.6 Waarom het Oupoot die titel "grootman van die Bos" (reël 9) verdien? (1)

2.7 Kies die naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.7.1–2.7.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.7.1 Hy was Saul se hartbroer. | A Jozef |
| 2.7.2 Hy het vir Saul alles oor die Bos geleer. | B Maska |
| 2.7.3 Hy was Saul se biologiese broer. | C Arend |
| 2.7.4 As gevolg van sy dood, is Saul 'n moordenaar genoem. | D Joram |
| | E Jefferson |

(4 x 1) (4)

2.8 Toe Saul baie siek in die Bos was, het hy geweet dat Oupoot om sy skerm geloop het. Hoe het hy dit geweet? (1)

2.9 Gee DRIE voorbeelde uit die verhaal wat aandui dat Maska baie vir Saul omgegee het. (3)

2.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.10.1–2.10.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| lewe; kwartponder; moed; verlede; middelaar; kans; olifant; einde |

Nadat Oupoot geskiet is, het Saul vir Maska gesê dat hy vyf dae deur die Bos geloop het met die (2.10.1) ... by hom. Aan die einde het hy uitgevind dat hy nie die (2.10.2) ... sou hê om die sneller te trek nie. Saul was bereid om sy (2.10.3) ... tussen Oupoot en Jozef se koeëls te waag. Nou was daar niks meer wat Saul kon doen nie. Hy wou groet en weggaan. Maska het vir Saul daarvan beskuldig dat hy sy mense en die Bos sonder 'n (2.10.4) ... los. (4)


MPUMALANGA

2.11 Oupoot het die regte persoon gekies om sy mens-broer te wees. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.12 Hoekom het Maska hierdie keer vir Saul "baas Saul" genoem? (1)

2.13 Oupoot het vir Jozef gewys hoe ŉ ouer broer teenoor ŉ jonger broer moet optree. Motiveer hierdie stelling deur ŉ voorbeeld te gee hoe Oupoot teenoor Saul opgetree het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> En Jozef het Freek Terblans laat weet om Oupoot te kom skiet. Freek, ŉ man wat menige olifant met een stuk lood inmekaar laat kniel het. Wat die tande uitgekap het en tussen die hout op sy wa versteek het om dit vir ŉ flenter van ŉ prys op die dorp te loop verkwansel. ŉ Man wat nie aan ŉ hart- of breinskoot glo nie, maar wat van die sykant af skiet om die massiewe rug teen die blaaie te vergruis.
>
> Dit was toe dat hy gesweer het dat Freek Terblans Oupoot nie sou skiet nie. Terblans se byle sou nie daardie tande uit hul kasse kap nie. Nee. Saul Barnard sou Oupoot skiet. Hy was dit aan Oupoot verskuldig om hom die vernedering te spaar om voor Terblans se geweer te kniel.
>
> Hy had nie ŉ keuse nie. Dié allerlaaste taak moes hy op homself neem. Hulle het Oupoot gehaat soos hulle hóm haat, en pleit om genade sou nie help nie.

2.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Saul was op die skip op pad (Duitsland/Engeland) toe, toe Maska hom die nuus van Oupoot gebring het. (1)

2.15 Die Bosmense het nooit die woord "olifant" gebruik nie.

2.15.1 Watter woord het hulle gebruik as hulle van ŉ olifant wou praat? (1)

2.15.2 Wat het die Bosmense gedink gaan met hulle gebeur as hulle die woord "olifant" gebruik? (1)

2.15.3 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die Bosmense se keuse om nie die woord "olifant" te gebruik nie, was ŉ aanduiding van hoe (bygelowig/slim) hulle was. (1)

2.16 "En Jozef het Freek Terblans laat weet om Oupoot te kom skiet." (Reël 1–2)

2.16.1 Waarom wou Jozef vir Oupoot doodmaak? (1)

2.16.2 Hoe het Saul uitgevind dat Jozef vir Oupoot wou laat skiet? (1)

2.17 Oupoot het saam met 'n trop beweeg.

2.17.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.17.1. (1)

2.18 Watter positiewe uitwerking het Oupoot se dood op Saul en Jozef se verhouding gehad? (1)

2.19 Waarom sou Freek Terblans nie na Saul geluister het om Oupoot se lewe te spaar nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.20 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die oomblik toe Oupoot sterf, het Saul sy ... verloor.

A humeur
B bewussyn
C identiteit
D selfrespek (1)

2.21 Freek Terblans het vir Oupoot doodgeskiet.

2.21.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.21.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.21.1. (1)

2.22 Watter besluit het Saul oor Oupoot se tande geneem? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Hanna, die hoofkarakter, se vyftiende verjaarsdag was vir haar 'n spesiale gebeurtenis.

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel wat Hanna se vyftiende verjaarsdag vir haar so spesiaal gemaak het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Wat die oggend met Hanna se verjaarsdag gebeur het wat anders was as ander oggende.
- Die geskenke wat Hanna gekry het.
- Hoe hierdie dag Hanna gehelp het om anders oor haar familie te begin dink. **[35]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> ... Mana is my ma. Sy hou daarvan dat ek haar op haar naam noem.
>
> ***
>
> “Dit het te doen met rolle,” het Mana met rollende oë gesê.
>
> ***
>
> “Almal het ŉ lewe waarin iéts gebeur,” troos Beyers toe hy sien hoe bek-af ek na my preiesop staar. “En die res maak jy mos maar op.”
>
> ***
>
> “Maar die grootste skok was dat my maats almal pa’s gehad het. Mans wat dasse dra en hulself *Pappa* noem. Ek het net vir Gavin gehad.”
>
> ***
>
> “Toe my ma oorsee is om haar proefbuis op ŉ wit perd te gaan soek, het ek begin vermoed dat sy van ŉ ander planeet af kom.”

4.1 Hoe het Hanna tot voor haar vyftiende verjaarsdag oor Gavin as pa gevoel? (1)

4.2 Na wie of wat het Hanna verwys toe sy van die proefbuis gepraat het? (1)

4.3 Mana het geglo dat seuns en dogters tradisionele rolle moes hê.

4.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.3.1. (1)

4.4 Hanna het gedink dat Beyers nie goed genoeg was om met Mana te trou nie.

4.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (1)

4.5 Hoe het Sharon vir Hanna gehelp om haar gesinslewe anders te sien? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> “Ons het ŉ interessante boodskap op die selfoon gekry,” het Mana aangekondig toe sy in die voordeur verskyn. “Raai wie kom kuier!” Haar stem so onoortuigend opgeruimd dat ek dadelik onraad vermoed.
>
> “Hoekom wil die hele wêreld skielik vir ons kom kuier?" vra ek.
>
> “Vra dit," brom Beyers terwyl hy die bokse op die kombuistafel begin uitpak. “Mens sou sweer dis ŉ blerrie hotel.”

4.6 Mana en Beyers het vir die kinders vertel dat Margot by hulle kom kuier.

4.6.1 Wie het ook nog later by die gesin kom kuier? (1)

4.6.2 Hoekom het die persoon in VRAAG 4.6.1 ook daar kom kuier? (1)

4.7 "Mens sou sweer dis 'n blerrie hotel."

Hoekom het Beyers so gesê? (1)

4.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (4.8.1–4.8.4) en die antwoord neer.

| aktrise; kunstenaar; Sharon; Tibo; koningin; gasspreker; Amos; godin |
|---|

Yann en (4.8.1) ... se ma, Margot, was 'n (4.8.2) ... wat vir drie weke in Suid-Afrika sou wees. Sy het by die gesin op die berg kom kuier en Beyers het gesê sy tree op asof sy 'n (4.8.3) ... is. Hy het gesê dat sy beslis nie met enige van die huistakies sou help nie. (4.8.4) ... was so beïndruk met Margot dat hy ook graag eendag in Amerika wou gaan woon. (4)

4.9 Gee TWEE voorbeelde uit die roman dat Margot se kuiertjie by die gesin baie vir hulle beteken het. (2)

4.10 Kies die persoon uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (4.10.1–4.10.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.10.1 Hierdie persoon se motor het in die modder vasgesit. | A Mana |
| | B Hanna |
| 4.10.2 Hierdie persoon het geglo dat dit sleg was vir 'n mens se gesondheid om vriendelik te wees. | C Beyers |
| 4.10.3 Hierdie persoon het die ongebore baba "Ditjie" genoem. | D Yann |
| | E Gavin |
| 4.10.4 Hierdie persoon het 'n ryk verbeelding gehad. | |

(4 x 1) (4)

4.11 Die gesin is tydens die vakansie gedwing om dinge saam te doen.

4.11.1 Wat het die gesin saans om die tafel gedoen om die tyd om te kry? (1)

4.11.2 Hoekom was dit vir Sharon so lekker om saans by die gesin te wees? (1)

4.12 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Hanna wou graag 'n ander tipe gesin gehad het en het besluit om vir haar 'n fiktiewe karakter met die naam (Camille/Fabienne) in haar storiewêreld te skep. (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Sharon het vir Hanna vertel van haar ouma wat ...

A gereeld in die stad by hulle kom kuier het.
B nie meer kontak met haar pa gehad het nie.
C nie kon lees nie, maar die mooiste stories vertel het.
D gereeld vir die familie vertel het hoe swaar sy gekry het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Jy kan sê wat jy wil van my peroksiedpa, besluit ek laat daardie nag, maar één ding is waar: Hy wéét van partytjie hou. Mana het mos gesê hy kan selfs in ŉ begrafnis lewe blaas. Op die oomblik demonstreer hy vir ons ŉ diskodans uit die jare sewentig. Op die kombuistafel.
>
> Die res van ons is moeg gedans. Sharon leun met haar kop op Yann se skouer, Tibo en Amos stry leepoog teen die slaap, en Pampoen en Patat snork lankal langs die koolstoof. Dis net Gavin wat nie einde kry nie.
>
> Liewe leser, jy kan nie anders as om so iemand te bewonder nie. Al is hy nie juis ŉ voorbeeldige pa nie.
>
> En terwyl ek hom so dophou, begin ŉ idee in my kop kook.

4.14 Hanna het gepraat van haar "peroksiedpa". (Reël 1)

4.14.1 Hoekom het Hanna haar pa ŉ "peroksiedpa" genoem? (1)

4.14.2 Hoekom het sy gesê dat hy nie juis ŉ voorbeeldige pa was nie? (1)

4.14.3 Gee DRIE feite oor hoe Hanna se ma anders was as die ander kinders se ma's. (3)

4.15 Wat het Margot aan die einde van die verhaal vir Hanna gesê wat Hanna meer van Margot laat hou het? (1)

4.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hanna se ma en pa moes met die helikopter teruggaan, want hulle ...

A moes vir Margot lughawe toe neem.
B moes voorraad gaan koop.
C baba moes versorg word.
D wou wittebrood gaan hou. (1)

4.17 Wat het Yann vir Hanna gedoen wat aangedui het dat sy karakter deur die verhaal verander het? (1)

4.18 Hanna het teen die einde van die verhaal ŉ idee gekry om ŉ boek oor haarself te skryf.

4.18.1 Hoe sou sy haarself in die boek beskryf? (1)

4.18.2 Waarop dui die beskrywing in VRAAG 4.18.1 van die verandering wat by Hanna plaasgevind het? (1)

4.19 Watter belangrike lewensles leer ŉ mens oor stieffamilies? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Ryna het na die eiland, Meeuland, toe gegaan om haar verlede af te skud en om ŉ nuwe lewe te begin. Op Meeuland het sy ŉ paar mense ontmoet wat haar gehelp het om ŉ **nuwe lewe** te begin.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) en vertel hoe die karakters **Jannerik**, **Attie** en **Janka** vir Ryna gehelp het om ŉ nuwe lewe te begin. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Hoe Jannerik vir Ryna gehelp het
- Hoe Attie vir Ryna gehelp het
- Hoe Janka Ryna gehelp het **[35]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hulle is terug kombuis toe. Ryna het gebukkend by die tafel gestaan. Sy was besig om mond-tot-mond asemhaling op die ou babatjie toe te pas. Sy't orent gekom. Ag nee! Ag ... Here, nee!
>
> Sy't die kind opgetel en hartverskeurend begin huil. Sy't na Jacob gekyk waar hy by die deur vasgenael bly staan het en haar oë het van die ergste vertel. "Jacob ... "
>
> Hy't die kind uit haar arms geneem. Hy het die kombersie van die koppie afgetrek en wanhopig na die stil gesiggie gekyk. En sy oor teen die mondjie gedruk en sy kop geskud.
>
> En toe het Kinnie se kind ŉ skree-geluidjie in die bruin sak gegee.
>
> Daar was meteens ŉ heilige stilte tussen die drie mense in die kombuis op Meeuland.
>
> *Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob en Jannerik en ek. En die een het geweet wat die ander dink. Ons het kontrak geteken sonder pen of papier. En ons het mekaar belowe dat geen mens ooit sou weet nie.*

6.1 Na wie se kind verwys reël 5? (1)

6.2 Wat het met die baba gebeur wat Jacob so "wanhopig na die stil gesiggie" laat kyk het? (Reël 9–10) (1)

6.3 Wat het Jacob, Ryna en Jannerik hierna met hierdie baba (reël 3) gemaak? (1)

6.4 Verduidelik in DRIE kort sinne hoekom Kinnie se kind op Meeuland was. (3)

6.5 Waaraan het Jacob, Ryna en Jannerik gedink? (Reël 17) (1)

6.6 Wat sou jy voorgestel het moes Jacob, Ryna en Jannerik in hierdie situasie gedoen het? (1)

6.7 Waarom het Ryna uiteindelik die "kontrak" verbreek? (1)

6.8 Waarom is reël 16 tot 19 kursief gedruk? (1)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Jannerik het besluit Janka se CB-naam moes Pikkewyn wees, omdat ...

A pikkewyn die eerste woord was wat uit haar mond gekom het.
B daar baie pikkewyne op die eiland was toe sy gebore is.
C sy lekker gelag het toe sy die eerste keer ŉ pikkewyn gesien het.
D Jannerik, Ryna en Jacob baie van pikkewyne gehou het. (1)


MPUMALANGA

6.10 Wat is jou opinie oor die feit dat Elsabet 'n paar maande na Janka se geboorte vir amper twee weke **sonder** haar baba Salamanderbaai toe gegaan het? (1)

6.11 Hoekom het Elsabet later permanent sonder Janka op Salamanderbaai gaan woon? (1)

6.12 Toe Fred met Elsabet wou trou, het hy vir haar gesê dat hy Janka as sy eie kind sou grootmaak.

Wat was so ironies aan hierdie woorde van Fred? (1)

6.13 Jannerik het al die goed wat in Kinnie se trommeltjie was, weggegooi.

6.13.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.13.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ryna bly op 'n afstand staan en kyk hoedat dokter Thomas met Janka werk. Hy prik met die naald liggies op die linkerbeen, dan onder haar knie, maar sy lê en speel onverstoord met Pikkie-Dikkie.

“Probeer vir ons jou toontjies roer.”

Sy probeer. Dit help nie. “My voetjies slaap nog.”

Dokter Thomas bekyk vir Pikkie-Dikkie, neem dit speels by haar en laat hom haar voetjies pik, pik, pik. Sy geniet die spelery en lag. Maar haar voetjies bly roerloos lê.

“Jy moet vir my sê wanneer jou voetjies wakker word, hoor?”

****************

Hulle loop deur die lang gang en hulle kom by Janka se kamer. 'n Opgewonde juffrou Blom staan in die deur en beduie vir hulle om saggies te kom loer. Hulle kyk oor die juffrou se skouer. En daar, in haar bedjie, lê Janka met Pikkie-Dikkie onder by haar voetjies, buite bereik. Hulle sien hoedat sy met intense inspanning probeer om vir Pikkie-Dikkie met haar voetjies nader te skraap. Hulle hoor haar praat: “Kom, Pikkie-Dikkie, ons gaan tee en koekies kry.”

6.14 Waarom was Janka Oukersaand op die jettie? (1)

Kopiereg voorbehou

6.15 Kies die naam van die karakter uit KOLOM B wat pas by die sin in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (6.15.1–6.15.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.15.1 Hy het 'n Kersvaderpak aangetrek om Janka te vermaak. | A Sersant Beukes |
| 6.15.2 Hy het vir Janka 'n Kersboom in 'n ou konka vol sand geplant. | B Attie |
| 6.15.3 Hy het gesien hoe Janka op die jettie opgespring het. | C Jannerik |
| 6.15.4 Hy wou uitvind wat presies op die jettie met Janka gebeur het. | D Fred |
| | E Daniel |

(4 x 1) (4)

6.16 Wat het met Janka op die jettie gebeur wat haar in die hospitaal laat beland het? (1)

6.17 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (6.17.1–6.17.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Fred; *Sheila's Song 11;* Conradie; Skalla; Jacob; Jannerik; Karl Bremer; *Meeuw* |

(6.17.1) ... was verantwoordelik dat Janka in die hospitaal beland het. Die (6.17.2) ... het haar wal toe geneem. Nadat die dokter X-strale van Janka geneem het, het hy gesê hulle moet Janka oorplaas na (6.17.3) ... hospitaal. (6.17.4) ... het aangebied om vir al Janka se hospitaalrekeninge te betaal. (4)

6.18 Janka het gesukkel om Pikkie-Dikkie met haar voete by te kom, maar sy het gesê: "Ek kan."

Wat sê hierdie antwoord vir ons van Janka se karakter? (1)

6.19 Toe Janka die hospitaal verlaat het, kon sy weer reg loop.

6.19.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. (1)

6.20 Wie is die "hulle" in reël 12? Noem die TWEE karakters se name. (2)

6.21 Waarom wou Ryna nie hê die Blanckenbergs moes uitvind van die gebeure tydens Janka se geboorte nie? (1)

6.22 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Om haar blydskap te wys dat Janka uit die hospitaal ontslaan is, het Hansie vir Janka ('n groot geskenk gekoop/'n partytjie gehou). (1)

6.23 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Matthys was so bly dat Janka by die huis was, dat hy ... het.

A gelag
B gehuil
C gesing
D gedans (1)

6.24 Sê in EEN sin hoe Jacob se lewe verander het nadat hy Skalla doodgeskiet het. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG**

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Tydens die 1976-opstande het Poppie en haar mense in vrees geleef vir al die dinge wat om hulle gebeur het. Die kinders se optrede het handuit geruk en selfs Jakkie was betrokke by die opstande.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel hoe Jakkie en die kinders in opstand teen die wet/stelsel gekom het. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys na:

- Hoekom Jakkie by die opstande betrokke geraak het
- Hoe Jakkie en die kinders hulle ontevredenheid gewys het
- Watter gevolge Jakkie se besluit vir sy familie gehad het **[35]**

**OF**

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

STONE (*plaas sy arm om haar skouers*). Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, maar ons Xhosa-mense moet net weg uit Lambertsbaai uit.

JAKKIE. Die mense was baie ontevrede.

MOSIE (*spring driftig op, loop heen en weer, beweeg na Stone en Poppie*). Ek gaan nie hierso weg nie. Ek het hier grootgeraak ... ek werk by die garage en ek leer by die Union College. Bhuti Mbatane het twaalf jaar in Lambertsbaai gewerk en voor dié tyd in Lüderitzbucht. Waarnatoe moet hy nou gaan?

POPPIE *(aan Mama)*. En Ouma ... en my kindjie se graftes? Wie sal vir hulle versorg?

MAMA. Waar gaan ons huis kry? *(Ad lib)*

*Almal "vries". Luister na die stem oor megafoon.*

STEM. Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek.

HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit. Die poeliesse het eers die goed uit die huis gedra. Dan gee hulle die deur so 'n skop na binnetoe en dan word die mêtjie getrek.

MOSIE. Die kinders en almal staan kyk na die goed wat uitgedra is en na die huis wat brand. *(Die hele groep kyk na 'n huis wat brand.)*

POPPIE. Toe die wet nou sterk word dat die Xhosa-mense moet uitgeroei word uit die dorpe uit, toe hulle nou baie gebrand het daar by Lambertsbaai, toe het ons ook maar begin dink aan weggaan.

STEM. Daar word op die vlakke by die Kaap 'n spesiale dorp vir die Bantoe-mense gebou, wat hulle Nyanga roep. Daarnatoe moet julle gaan.

STONE. Poppie se mama en bhuti Mbatane en Hoedjie en Plank en Mosie het in 1955 weggegaan.

8.1 Wie was die "hulle" na wie Stone in reël 2 verwys het? (1)

8.2 Wie was bhuti Mbatana van wie Mosie gepraat het? (1)

8.3 Waaroor was Mama so bekommerd? (1)

8.4 Waarom het die munisipaliteit die mense se huise aan die brand gesteek? (Reël 18–19) (1)

Kopiereg voorbehou 

8.5 Waarom het Poppie besluit om nie saam met haar familie te trek nie? (1)

8.6 Toe Poppie alleen in die straat agtergebly het, het die polisie haar polisiestasie toe geneem. Hoe het Poppie daaroor gevoel? (1)

8.7 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (8.7.1–8.7.4) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Constansie; Bellville; Mdantsane; Herschel; Kaap; Elsies; Britstown; Lambertsbaai |

Poppie se ma en broers het (8.7.1) ... toe getrek, maar Poppie het in (8.7.2) ... agtergebly. In (8.7.3) ... het Mama en haar gesin in 'n sinkhuisie gewoon. Toe Poppie later by hulle aansluit, het sy werk in (8.7.4) ... gekry. (4)

8.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die grootste moeilikheid vir almal in die Kaap, was om ... te kry.

A vervoer
B werk
C vryheid
D vriende (1)

8.9 Wat was vir Poppie die grootste probleem in haar soektog na werk? (1)

8.10 Dit was vir Poppie moeilik om by haar ma in die Kaap te bly voordat Poppie haar eie huis gekry het.

8.10.1 Waarom het Poppie se ma gepleit dat Poppie in vrede met bhuti Mbatane moes saamleef? (1)

8.10.2 Wie sou na Poppie se kind moes kyk as Poppie en haar ma gaan werk het? (1)

8.11 Waarom het Mama gesê dat dit Poppie se eie skuld was dat sy so gesukkel het? (1)

8.12 Die rede waarom Stone tydens die staking by die huis gebly het, was omdat hy ook gestaak het.

8.12.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.12.1. (1)

8.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Jakkie se besluit om saam met die kinders teen die trekarbeiders te baklei was ironies omdat ...

A Jakkie baie ouer as die kinders was.
B die trekarbeiders smokkelhuise gehad het.
C Poppie se man, Stone, ook ŉ trekarbeider was.
D die polisie die trekarbeiders help baklei het. (1)

8.14 Pas die naam in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (8.14.1–8.14.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.14.1 Hierdie persoon het altyd onder die tafel weggekruip as die polisie na die mense in die lokasie se passe kom kyk het. | A Poppie<br>B Constance |
| 8.14.2 Die kinders het hierdie persoon bespot en geslaan omdat hy altyd dronk was. | C Bonsile<br>D Plank |
| 8.14.3 Hierdie persoon het nie geweet waar Dimbaza, Ilinge en Mdantsane was nie. | E Jakkie |
| 8.14.4 Hierdie persoon is deur die polisie gevang op pad terug van Basoetoeland se grens af. | |

(4 x 1) (4)

8.15 Gee DRIE redes waarom Poppie, met die hulp van die Swanepoels, uiteindelik verseker van ŉ pas kon wees. (3)

8.16 Poppie se broers het makliker werk gekry as Poppie.

8.16.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.16.1. (1)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Poppie moes uiteindelik kies of sy saam met haar kinders (Dimbaza/Mdantsane) toe wou gaan. (1)

8.18 Dit was vir Poppie belangrik dat haar kinders skool toe gaan.

8.18.1 Gee ŉ voorbeeld om hierdie stelling te bewys. (1)

8.18.2 Waarom was dit vir Poppie belangrik dat haar kinders skool toe gaan? Verwys na Poppie se skoolloopbaan in jou antwoord. (1)

8.19 In die teks is baie Engelse woorde, soos *riots, comrades, extension* wat nie gewoonlik in Afrikaanse tekste toegelaat word nie.

Waarom, dink jy, is dié Engelse woorde in hierdie drama gebruik? (1)

8.20 Hoekom kon jy begrip hê vir Stone se besluit om by die melkery in Philippi te gaan werk? (1)

8.21 Het jy as leser simpatie met Poppie en haar omstandighede gehad? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

8.22 Ons dink jaarliks op Vrouedag terug aan die vroue wat na die Uniegebou gestap het om hul pasboeke te gaan ingee.

Sou Poppie, soos jy haar as karakter leer ken het, ook soos daardie vroue haar pas gaan ingee het? Motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

### ***PALJAS* – Chris Barnard**

Die lede van die McDonald-gesin het elkeen met hulle eie probleme en vrae rondgeloop, omdat hulle nie met mekaar gepraat het oor dinge wat belangrik was nie.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van **Hendrik** en **Katrien** se lewe op Toorwater. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Hendrik en Katrien se verhouding op Toorwater
- Die gevolge van Hendrik en Katrien se verhouding op hulle gesin
- Hoe die gesin se lewe aan die einde van die verhaal verander het **[35]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: ŉ trein. Die trein staan op die syspoor. ŉ Goederetrein. Vol dierehokke. Hokke met olifante, perde – en leeus!
>
> Hendrik, Katrien en die twee kinders loop in ŉ dwaal van trok tot trok en verkyk hulle aan die gedoente. Daar is geen lokomotief nie. En daar is nêrens ŉ mens te sien nie. Eers ná die derde trok kry Hendrik ŉ paar woorde oor sy lippe. Hy praat die eerste sin sag, half met homself.
>
> HENDRIK: Hulle sê my niks ... (*Die tweede sin is effens harder, ŉ bietjie vieserig, ŉ trok láter.)* Niemand het my niks gelaat weet nie ... (*Die derde sin, nóg ŉ trok later, by die leeus, is driftig en vir wie ook al bedoel wat binne hoorafstand is.*) ŉ Hele trein vol wilde ongediertes, op mý stasie, en ek weet verdomp niks!
>
> Hendrik sit in sy kantoor agter sy tafeltjie by die telefoon – en nou bulder hy in die spreekbuis in.

10.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Hendrik het die lewe hier op die klein stasietjie geniet, want (niemand sou vir Katrien van hom af wegneem nie/niemand het op sy stasie gestop sonder om hom te laat weet nie). (1)

10.2 Die leeu in hierdie sirkus was **vasgevang** in sy hok. As koning van die diere, kon hy maar net **brul**.

Gee TWEE redes waarom Hendrik soos die sirkusleeu gevoel het. (2)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hendrik het kwaad geword toe hy die sirkustrein op sy stasie gesien het, want hy het ...

A geglo niemand wou die sirkus daar op die stasie hê nie.
B gevoel dat niemand hom as stasiemeester erken het nie.
C gesê die sirkusdiere het gevaar vir hom en sy huismense ingehou.
D gedink dit was wreed om diere so lank in die trokke te laat staan. (1)

Kopiereg voorbehou

10.4 Die atmosfeer in die McDonald-huis was al gespanne voor die koms van die sirkustrein.

10.4.1 Hoe weet ons dat die verhouding tussen Hendrik en Katrien nie goed was nie? (1)

10.4.2 Waaroor het Emma en Hendrik die meeste van die tyd baklei? (1)

10.4.3 Watter probleem het Willem gehad? (1)

10.5 Die gedrag van sirkusmanne soos Bertie en Sollie het vir Hendrik net al kwater gemaak.

10.5.1 Hendrik het Emma beskerm in die insident met Bertie.

Hoe sou jy Hendrik se optrede teenoor Bertie verdedig? (1)

10.5.2 Sollie het vir Hendrik gesê: "Een of ander dikdom Dirk soos jy het hom (die trein) op die verkeerde stasie afgehaak."

Hoe sal jy vir Sollie verduidelik wat Sollie verkeerd gedoen het? (1)

10.6 Waarna het Katrien verlang as sy so by die venster staan en uitkyk het? (1)

10.7 Willem was baie opgewonde oor die sirkus.

10.7.1 Hoe het die vriendskap tussen Willem en die nar begin? (1)

10.7.2 Wat het die nar anders as Hendrik gedoen as hy by Willem was? (1)

10.7.3 Wanneer het Willem se ouers die eerste keer vir Manuel, die nar, gesien? (1)

10.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (10.8.1–10.8.4) en die antwoord neer.

| toorgoed; eier; balletjie; konsertina; muntstuk; klavier; teken; kos |
|---|

Manuel en Willem het mekaar op verskillende dae op verskillende plekke gesien. Manuel het die (10.8.1) ... uit sy mond gehaal. Hy het ŉ (10.8.2) ... uit sy sakdoek weggetoor en het op die (10.8.3) ... gespeel. Hy het gemaak of hy ŉ hoender of ŉ pou of ŉ eend was. Hulle het op die bale gedans en in die veld gehardloop. Willem het (10.8.4) ... skuur toe gebring. Hulle het mekaar se geselskap geniet. (4)

10.9 Emma het daarna uitgesien om te trou.

10.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.9.2. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hendrik sit en skryf. Hy kyk op wanneer hy 'n motor hoor. Hy staan op en gaan kyk deur die venster. Dieselfde motor van die vorige toneel hou op die werf stil. 'n Bejaarde man klim uit. Swart pak klere, boek onder die arm. Hy kyk die wêreld goed deur en stap dan voordeur toe.
>
> ***********
>
> HENDRIK: Dominee, al wat ek wil sê is dit –
>
> DOMINEE: Ja, Hendrik, ek weet wat jy wil sê. Jy wil sê julle het geen rede tot selfondersoek nie.
>
> HENDRIK: Nee, dit sal ek wragtig nooit sê nie. Ek sê maar net –
>
> DOMINEE: Die punt is, dis my plig –
>
> HENDRIK: Maar lyk my Dominee gaan my sowarie Here nie kans gee om 'n woord in te kry nie.
>
> KATRIEN: Tee, Dominee.
>
> DOMINEE: Dankie, Katrien. Die Bybel waarsku ons uitdruklik teen die bose magte wat in allerlei mooi gedaantes na die mens toe kom. Nooit as die Satan nie. Nooit as iets leliks of verwerpliks nie.

10.10 Watter storie het die dorpsmense oor Willem vertel nadat hulle gehoor het hy loop met snye brood die veld in? (1)

10.11 Kies die persoon uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het. Skryf net die vraagnommer (10.11.1–10.11.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 10.11.1 "Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken." | A Hendrik |
| | B Nollie |
| 10.11.2 "Verwyder asseblief vir ons die – grapmaker." | C Broer Bothma |
| 10.11.3 "Ons moet maar almal vir ons self uitwerk wat is waar en wat nie." | D Dominee |
| 10.11.4 "Ek sal jou handdoek vir jou aangee as jy belowe jy gaan saam met my Volstruisdans toe." | E Jan Mol |

(4 x 1) (4)

10.12 Sê hoekom die volgende karakters so ontsteld was oor die dominee se besoek. Gee EEN feit by elke karakter.

10.12.1 Hendrik (1)

10.12.2 Katrien (1)

10.12.3 Willem (1)


MPUMALANGA

10.13 Manuel het besluit om die kerkdiens te gaan bywoon.

Hoekom was die dominee so ontsteld toe hy die nar in die kerk gesien het? (1)

10.14 Hoekom was dit verkeerd om die nar uit die kerk te jaag? (1)

10.15 Waarom het Jan Mol voorgestel dat hulle by die skuur moes begin soek toe hulle by Hendrik-hulle aankom? (1)

10.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Katrien het voorgestel dat Hendrik die polisie moes vertel dat die mans vir Manuel geskiet het, maar Hendrik ...

A wou dit liewer stilhou en dit self hanteer.
B het gesê die polisie was net soos die dorpsmense.
C wou nie sy werk oor nonsens verloor nie.
D het gesê die polisie het belangriker werk as dit. (1)

10.17 Die nar het besluit om vir altyd by die McDonalds te bly.

10.17.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.17.1. (1)

10.18 Hoe sal jy voel as jy weet die hele dorp vertel stories oor jou wat nie waar is nie? (1)

10.19 Watter les dink jy, moes die dorpsmense aan die einde van die verhaal leer? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

### *BABY* – EKM Dido

Die inwoners van die dorpie, Nqamakwe, waar Attie en Baby so onverwags opgedaag het, sou hierdie twee mense lank onthou.

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van Attie en Baby se aankoms en verblyf in die dorp. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Attie en Baby se aankoms en reëlings vir verblyf in Nqamakwe
- Hoekom die inwoners van Nqamakwe gedink het Baby was anders
- Hoe die sersant agtergekom het wat die waarheid was **[35]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

### *OP SOEK NA KID KHUMALO – DOLF VAN NIEKERK*

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die Saterdagoggend vertel sy die vrou van haar bekommernis oor Kid. Sy het nooit die mense met haar familiesake gepla nie, maar dié keer kan sy nie anders nie. Sal die vrou nie asseblief by Kalafong-hospitaal probeer uitvind van Kid nie? Die vrou preek eers vir haar oor die geld voor sy instem. Dit word ŉ lang oproep, die vrou raak ongeduldig.
>
> Uiteindelik kom sy by iemand uit wat inligting kan verskaf. Ja, sy weet van Kid Khumalo. Ja, Kid Khumalo is al twee weke lank nie op sy pos nie. Nee, niemand weet waar hy hom bevind nie. Verlof? Nee. Afgedank? Hulle sou mos geweet het. Sal hulle dié nommer bel as hy opdaag? Ja, sy teken dit aan.
>
> Johanna weet meteens waarheen Kid verdwyn het. Maar sy het gedink hy het al van die vrou vergeet. Sy het die vrou nooit gesien nie, maar die familie het vertel hoe mooi sy is en dat sy lief was vir Kid. Sy het van Bloemfontein af kom kuier by haar mense, nie ver van Kid se huis af nie. Op ŉ dag het Katrien haar vertel dat die vrou by Kid bly. Sy weet nie of dit waar is nie. Toe sy Kid reguit daaroor uitvra, het hy net gesê die vrou is terug Vrystaat toe.
>
> Toe Frans weer sy opwagting maak, smeek sy hom om Shoshanguve toe te ry en uit te vind waar hulle die vrou in die hande sal kan kry.
>
> "Ek was klaar by die mense," sê hy. "My kop het net soos jou kop gewerk."
>
> "Wat sê hulle?"
>
> "Hulle het die vrou se familie gebel – hulle sal by haar uitvind as hulle haar weer sien."
>
> Sy was so seker dat Kid hom in Bloemfontein bevind, en nou die nuwe beklemming om haar hart!
>
> "Is jy seker jy was by die regte mense?" vra sy.
>
> "Natuurlik. Kid het my mos gewys."
>
> "Was jy nie by sy huis nie?"
>
> "Nee."
>
> "Hoekom het jy nie gaan kyk nie?"
>
> "Ek weet nie."

12.1 Wie het vir Johanna gaan vertel dat Kid weg was? (1)

12.2 Hoekom het Johanna tien dae lank gewag, voordat sy met mev. Theron oor Kid se verdwyning gaan praat het? (1)

12.3 Hoe het die Therons gewys dat hulle graag vir Johanna as huishulp wou behou? (1)

12.4 Wat het die Therons vir Johanna gekoop om die eensame aande om te kry? (1)

12.5 Wie het af en toe vir Johanna nuus oor die familie gebring? (1)

12.6 Gee TWEE voorbeelde uit die verhaal wat daarop dui dat Kid onverantwoordelik opgetree het. (2)

12.7 Gee DRIE voorbeelde wat daarop dui dat Thomas en sy vrou vir Johanna hartseer gemaak het. (3)

12.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Thomas by Kid se huis gekom het, het dit nie gelyk asof iemand ingebreek het nie, want ...

A die voordeur was toe.
B die sleutel was in die deur se slot.
C die kamervenster was oop.
D die ligte in die kombuis was af. (1)

12.9 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Kid se huis was in (Mamelodi/Soshanguve). (1)

12.10 Johanna was baie ontevrede toe Kid die huis gekoop het.

12.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.10.1. (1)

12.11 Kid se bure was 'n goeie voorbeeld van hoe bure vir mekaar moet omgee.

12.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

12.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.11.1. (1)

12.12 Kies die naam uit KOLOM B wat pas by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (12.12.1–12.12.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 12.12.1 Die persoon het geglo dat Kid net by vriende gaan kuier het. | A Thomas |
| 12.12.2 Die persoon het Kid se werksplek gebel. | B Frans |
| 12.12.3 Die persoon het Frans na Kid help soek. | C Johanna |
| 12.12.4 Die persoon het besluit om in die lykhuis na Kid te gaan soek. | D Thabo |
| | E Mev. Theron |

(4 x 1) (4)


MPUMALANGA

12.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Toe Frans-hulle by die polisiestasie op Soshanguve gekom het, ...

A het die polisie hulle vertel van die man wat doodgery is.
B wou die polisie eers met Johanna gepraat het.
C het die polisie hulle na Mamelodi toe gestuur.
D het die polisie hulle onmiddellik gehelp. (1)

12.4 Kies elke keer die korrekte antwoord uit die lys hieronder en voltooi die paragraaf. Skryf net die vraagnommer (12.14.1–12.14.4) en die antwoord neer.

| gepraat; gekyk; geweier; gevra; gesorg; gedroom; aangebied; gewag |
|---|

By Kid se begrafnis het Johanna min (12.14.1) ... omdat die skok van Kid se dood te groot was. Sy het gereeld (12.14.2) ... hoe sy haar twee seunskinders op 'n ander plek en tyd kon grootmaak. Sy het (12.14.3) ... om 'n rolstoel te gebruik. Sy het die hele dag tevergeefs (12.14.4) ... of Kid se kind by die begrafnis gaan opdaag. (4)

12.15 Watter effek het die besoek aan die lykhuis op Johanna gehad? Noem TWEE feite. (2)

12.16 Hoe het Kid, volgens die register, die wonde aan sy kop opgedoen? (1)

12.17 Wie, volgens die opsigter, moes vir Kid kom uitken? (1)

12.18 "In die dood het Kid vir sy ma gesorg." Wat is so ironies aan hierdie stelling? (1)

12.19 Hoe kon die Therons na Kid se dood help om Johanna rustig oor haar oudag te laat voel? (1)

12.20 Waarom het Johanna nooit met haar kinders se pa getrou nie? (1)

12.21 Watter tegniek gebruik die skrywer om spanning op te bou terwyl almal na Kid gesoek het? (2)

12.22 Behoort kinders vir hulle ouers te sorg wanneer hulle ouers oud is? Motiveer jou antwoord. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**


MPUMALANGA

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kontak – Theo de Jager**

Ek kon jou met ŉ selfoon bel
om te sê dat ek jou baie mis,
maar die kaart was gekrap, die batterye pap
en die boodskap het in die niet verdamp.

Ek het vir jou ŉ brief geskryf
en my hart se hoeke daarin uitgewas
maar my pen was krom, my vingers te dom
om die woorde in die koevert te pas.

Toe het ek maar ŉ duif gestuur
sonder skrif of klank, en nou wag ek,
hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
met ŉ takkie blare in sy bek.

13.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

ŉ Strofe wat uit vier reëls bestaan, noem mens ŉ (koeplet/kwatryn). (½)

13.2 Kies die aspek uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (13.2.1–13.2.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 13.2.1 "my hart se hoeke" | A alliterasie |
| 13.2.2 "my vingers te dom" | B personifikasie |
| 13.2.3 "sonder skrif" | C vergelyking |
| | D metafoor |

(3 x 1) (3)

13.3 Haal die boodskap wat die spreker met die selfoon wou stuur, uit strofe 1 aan. (1)

13.4 Die spreker het probleme met die selfoon gehad.

13.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

13.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.5.1 met TWEE aanhalings uit strofe 1. (2)

13.5 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat aandui dat die spreker se boodskap weggeraak het. (1)

13.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Reël 6, "my hart se hoeke daarin uitgewas", beteken dat die spreker ...

A in die brief presies kon sê hoe hy/sy voel.
B te hartseer was om te sê hoe hy/sy voel.
C min of meer geweet het wat om in die brief te sê.
D onseker was oor wat om in die brief te sê. (1)

13.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die aanhaling "my vingers was dom" dui op die spreker se gevoel van (geïrriteerdheid/magteloosheid). (1)

13.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (13.8.1–13.8.2) en die antwoord neer.

| dink; bid; hoop; skryf |
|---|

In strofe 3 (13.8.1) ... die spreker dat die duif sal terugkom. Die spreker wens dat iets positiefs uit die duif se koms moet kom. Hierdie wens word **versterk** deur die spreker wat (13.8.2) ... (2)

13.9 Hoe verskil die manier van kommunikasie in strofe 3 van dié in strofe 1? (2)

13.10 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 3 aan wat daarop dui dat die spreker nie 'n brief saam met die duif gestuur het nie. (1)

13.11 Na wie of wat verwys "hy" in strofe 3? (1)

13.12 Wat is die simboliese betekenis van die takkie blare in die duif se bek? (1)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Woorde – Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot 'n val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie 'n dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

14.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker in die gedig is (realisties/onrealisties) oor wat sy woorde kan regkry. (½)

14.2 Wat sou die spreker graag in strofe 1 met sy woorde wou doen? (1)

14.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Reël 3: "my woorde kan bloot sing" is 'n voorbeeld van (alliterasie/ assonansie). (1)

14.4 Hoe verskil reël 1 en 2 van reël 3 ten opsigte van wat die spreker se woorde kan doen? (2)

14.5 Skryf die beeldspraak wat in reël 4 en 5 voorkom, neer. (1)

14.6 Watter woord in strofe 2 het dieselfde betekenis as die vetgedrukte woorde "my woorde het **nie die krag**"? (Reël 1) (1)

14.7 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (14.7.1–14.7.2) en die antwoord neer.

| |
|---|
| versoen; bid; leef; glo |

Die spreker wil hê dat mense met mekaar moet (14.7.1) ... en mekaar respekteer sonder om enige iemand seer te maak. Medeburgers moet in vrede (14.7.2) ... (2)

14.8 Kies die sinne uit KOLOM B wat pas by die aanhalings in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (14.8.1–14.8.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 14.8.1 "my woorde kan bloot sing" | A Die spreker se woorde kan mense nie troos nie. |
| 14.8.2 "my woorde is swak" | B Die spreker se woorde is eerlik en opreg. |
| 14.8.3 "my woorde is kaal" | C Die spreker se woorde praat net goed. |
| | D Die spreker se woorde kan mense nie beskerm nie. |

(3 x 1) (3)

14.9 Die spreker wil hê dat mense apart moet lewe.

14.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

14.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.9.1 met 'n aanhaling uit strofe 3. (1)

14.10 Watter kontras dui die woord "nee" in (reël 13) aan? (2)

14.11 Kies die KORREKTE antwoord om die onderstaande sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woord "pleit" (reël 15) beteken die spreker se woorde ...

A vra.
B sê.
C smeek.
D praat. (1)

14.12 Wie is die "medeburgers van die lewe" van wie die spreker in reël 17 praat? (1)
**[17½]**

**OF**

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kabouterliefde – Ingrid Jonker**
*(Vir Simone)*

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in ’n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
o dis hier waar die liefde lê

15.1 Vir wie word hierdie gedig geskryf? (½)

15.2 Watter karaktertjie gebruik die digter om ’n fantasiewêreld te skep? (1)

15.3 Wat impliseer “het sy hart gistraand vir my gegee”? (Reël 3) (1)

15.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woord (“geblaas”/”kadoemps”) is ’n voorbeeld van klanknabootsing. (1)

Kopiereg voorbehou 

15.5 Pas die **sintuig** in KOLOM B by die aanhaling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (15.5.1–15.5.3) en die letter (A–D) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 15.5.1 Die hoepelronde **blou-blou** lug | A gehoor |
| 15.5.2 hy't dit blink-blou **in sy hand gerol** | B smaak |
| 15.5.3 Die aandblom het sy trom-trompet **geblaas** | C tas |
| | D sig |

(3 x 1) (3)

15.6 Hoe het die sterre gewys dat hulle gehou het van wat hulle gesien het? (1)

15.7 Wat is die funksie van die herhaling van die kleure “rooi-rooi” en “blou-blou” in die gedig? (1)

15.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (15.8.1–15.8.2) en die antwoord neer.

| vorm; blomme; stof; voëls |
|---|

Die trom-trompet in strofe 4 verwys na die (15.8.1) ... van die aandblom en die rooi kalkoentjies verwys na (15.8.2) ... (2)

15.9 Wanneer het die kabouter by die spreker gaan kuier? (1)

15.10 Haal EEN woord uit strofe 5 aan wat na die vorm van die maan verwys. (1)

15.11 Watter gevoel in die laaste strofe assosieer jy met die kleur “rooi”? (1)

15.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

ŉ Laer is gewoonlik in die vorm van ŉ ...

A sirkel.
B vierhoek.
C diamant.
D trompet. (1)

15.13 In strofe 6 het die spreker self uitgevind waar die liefde lê.

15.13.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

15.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.13.1. (1)

15.14 Dink jy dat volwassenes ook hierdie gedig sal geniet? Motiveer jou antwoord. (1)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Stad in die mis – DJ Opperman**

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip ŉ dier
onder wit duisternis;
ek hoor hom knor en in ope mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal;
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal.

16.1 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (½)

16.2 Die spreker loop met vrees deur die stad.

16.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

16.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.2.1 met EEN WOORD uit die gedig. (1)

16.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woord "sluip" (reël 3) dui aan dat die dier (rustig/skelm) loop. (1)

16.4 Die spreker kan nie goed rondom hom sien nie. Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die gedig aan om die stelling te bewys. (1)

16.5 Wat is die funksie van die enjambement in reël 1–4? (1)

16.6 Pas die beskrywing wat die stad opsom in KOLOM B by die reëls in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer(16.6.1–16.6.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 16.6.1 reël 1–4 | A Stad word uitgebeeld as ŉ dreigende dier. |
| 16.6.2 reël 5–7 | B Stad word as ŉ staalmonster uitgebeeld. |
| 16.6.3 reël 8–10 | C Stad word uitgebeeld as ŉ donker gebied. |
| | D Stad word uitgebeeld as ŉ sluipende dier. |

(3 x 1) (3)

16.7 Waarom sal ŉ mens bang word as die dier na jou **kyk**? (1)

16.8 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat dui op die verskillende hoogtes van die geboue in die stad. (1)

16.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die digter gebruik veral ... om die stad uit te beeld.

A vergelykings
B metafore
C kontraste
D klanknabootsings (1)

16.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (16.10.1–16.10.2) en die antwoord neer.

| assonansie; progressie; alliterasie; vergelyking |
|---|

Die woorde "sluip" en "waggel" dui die (16.10.1) ... in die gedig aan, terwyl die herhaling van die s-klank in reël 10 ŉ voorbeeld van (16.10.2) ... is. (2)

16.11 Wat **doen** die dier wat daarop dui dat dit gevaarlik vir die mens kan wees? Haal TWEE APARTE WOORDE aan. (2)

16.12 Watter **sintuig** gebruik die spreker in reël 5 om die stad te ervaar? (1)

16.13 Alhoewel die stad negatief uitgebeeld word, verkies baie mense nog steeds om eerder in die stad as op die platteland te woon.

Gee EEN positiewe rede waarom mense eerder in die stad wil woon. (1)
**[17½]**
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou